BEELD
02 Nov 2005
Page : 11 #

'SA parlement soms aarselend en onewerdig'

Gaping tussen doel en uitvoering – essay

Liezel de Lange

Die reis- en olieskandale sowel as die regering se multimiljardrand-wapentransaksies het die parlement se openbare beeld ernstig geknou en gewys dié instelling voldoen nie aan sy verpligtinge ingevolge die Grondwet nie.

Me. Judith February, senior ontleder by Idasa, skryf in 'n hoofstuk oor die parlement in *South Africa 2005-2006: State of the nation*, dat die parlement nog lank nie 'n behoorlike kultuur van oorsig oor die uitvoerende gesag gevestig het nie.

State of the nation is 'n versameling essays oor onder meer die nasionale politiek en ekonomie, wat jaarliks deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) saamgestel word. Die jongste uitgawe word vandeesweek landwyd bekendgestel.

"Die parlement se strukture, magte en pligte word duidelik en ondubbelsinnig in die Grondwet uitgestippel, maar daar is steeds 'n gaping tussen die konstitusionele doelwitte en hoe die parlement en sy komitees sy mandaat uitvoer," sê February.

"Die parlement as 'n instelling het tot dusver sy rol stuk-stuk, onewerediq en soms aarselend gespeel."

February brei onder meer uit oor die trae optrede teen LP's wat by die reisskandaal betrokke is en die staande komitee oor openbare rekeninge (Skoor), wat die besteding van openbare geld moet bekyk, maar nie as 'n saak van dringendheid by die olieskandaal betrek is nie.

Volgens February het veral die omstrede wapentransaksie Skoor en ander parlementêre instellings gekortwiek. Sy verwys na die erge verdeeldheid wat die wapenkontrak binne Skoor gesaai het, die verlies van mnr. Gavin Woods, voormalige IVP-LP, as uitmuntende Skoor-voorsitter en "hardhandige inmenging" van 'n ANC-hoofsweep asook mnr. Jacob Zuma, voormalige adjunkpresident.

"In 'n kwessie van twee jaar het die wapenkontrak een van die parlement se mees doeltreffende, magtige en neutrale liggame (Skoor) in 'n flou, partydige rubberstempel verander." February waarsku dat die parlement dringend na sy rol en verantwoordelikhede moet kyk omdat dit die aard van Suid-Afrika se politieke omgewing in die toekoms sal raak.